## Die rol van die SAMRK

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) is 'n onafhanklike liggaam wat deur die Grondwet ingestel is om die verkryging van menseregte in ons land te monitor, te beskerm en te bevorder.

Suid-Afrika het 'n landelike bevolking van meer as 20 miljoen mense. Die Wetsontwerp op Tradisionele Howe is opgetrek sonder die deelname van, en oorlegpleging met, landelike gemeenskappe. Die SAMRK het 'n hele aantal klagtes oor 'n gebrek aan inligting oor die inhoud en die implikasies van die Wetsontwerp ontvang, asook oor die gebrek aan oorlegpleging gedurende die opstellingsproses.

Die gewoonteregstelsel van Afrikane vorm 'n integrale deel van baie van ons landsburgers. In 'n poging om toegang te kry tot die soort demokratiese geregtigheid wat op menseregte in die Grondwet gebaseer is, moet openbare deelname aan alle demokratiese prosesse verseker word, ook in die landelike gebiede. Die SAMRK erken gewoontereg wat ontwikkel soos wat toestande in die wêreld verander en wat strook met ons Grondwet.

As die Wetsontwerp op Tradisionele Howe wet word, kan dit lei tot die skending van die regte van vroue en hul gesinne. Gegewe ons geskiedenis van patriargisme en apartheid, sal die Wetsontwerp in sy huidige vorm 'n voortsetting van diskriminasie teen vroue wees.

Die mense gee die Staat sy mag, dus moet die Staat die mense dien. Dit is dus noodsaaklik dat die Wetsontwerp die probleme wat daarin uitgewys word, sal aanspreek. Mense in magsposisies moet ag slaan op die menings van landelike gemeenskappe en wette ontwikkel wat hulle regte beskerm.

Hoewel die SAMRK beperkte vermoëns en hulpbronne het, werk dit nou saam met ander instellings wat volgens hoofstuk 9 van die Grondwet gestig is en ook NRO's om te sorg dat kwellings oor menseregte aangespreek word in 'n nuwe weergawe van die Wetsontwerp.

*Die doelwit van die SAMRK is om die samelewing te transformeer, hul regte te verseker en hul waardigheid te herstel!*

## KONTAK ONS


**Webwerf:** www.sahrc.org.za
**E-pos:** info@sahrc.org.za

### Hoofkantoor
Forum 3, Braampark Office Park, Braamfontein, JOHANNESBURG
☎ (011) 877 3600 Faks: (011) 403 0684

### Oos-Kaap
4de Vlak, Oxford House, Oxfordstraat 86-88, OOS-LONDEN
☎ (043) 722 7828 • Faks: (043) 722 7830

### Vrystaat
Burgerstraat-Oos, 1ste Vlak TAB-gebou, BLOEMFONTEIN
☎ (051) 447 1133 • Faks: (051) 447 1128

### Gauteng
2de Vlak, Forum 3, Braampark Office Park, 33 Hoofdstraat, Braamfontein, JOHANNESBURG
☎ (011) 877 3750 • Faks: (011) 403 0668

### KwaZulu-Natal
Eerste Vlak, Margaret Mncadistraat 136, DURBAN
☎ (031) 304 7323/4/5 • Faks: (031) 304 7323

### Limpopo
1ste Vlak, Kantoor 102, Biblioteektuinplein, Hoek van Schoeman- en Groblerstraat, POLOKWANE
☎ (015) 291 3500 • Faks: (015) 291 3505

### Mpumalanga
4de Vlak Carltex-gebou, Bellstraat 32, NELSPRUIT
☎ (013) 752 8292 • Faks: (013) 752 6890

### Noord-Kaap
Mark- en Scottstraat, Ancorley-gebou, UPINGTON
☎ (054) 332 3993/4 • Faks: (054) 332 7750

### Noordwes
170 Klopperstraat, RUSTENBURG
☎ (014) 592 0694 • Faks: (014) 594 1089

### Wes-Kaap
7de Vlak, ABSA-gebou, Adderleystraat 132, KAAPSTAD
☎ (021) 426 2277 • Faks: (021) 426 2875


**AFRIKAANS**

south african human rights commission

# WAT IS DIE WETSONTWERP OP TRADISIONELE HOWE?

**Oorsig deur die SAMRK**



*Gemeenskapslede bespreek die Wetsontwerp op Tradisionele Howe gedurende 'n werkwinkel*

***Om die samelewing te transformeer***

***Om regte te verseker***

***Om waardigheid te herstel***

## Wat is die Wetsontwerp op Tradisionele Howe?

Agtergrond:

- Die Wetsontwerp op Tradisionele Howe is die eerste keer in 2008 by die Parlement ingedien deur die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling. Die oogmerk daarmee was om 'n wetlike raamwerk en erkenning vir tradisionele howe en gewoontereg kragtens die Grondwet te verskaf.
- Die opstellingsproses van die Wetsontwerp is gekenmerk deur 'n gebrek aan oorlegpleging met die kwesbaarste mense in sekere gemeenskappe. Slegs tradisionele leiers is geraadpleeg.
- Die vroeë weergawe van die Wetsontwerp is deur belanghebbers teengestaan vanweë 'n aantal prosessuele (vervang prosessuele dalk met prosessuele – meer algemene gebruik in Afrikaans) en wesentlike vervang substantiewe dalk met werklike, wesentlike of belangrike – meer algemene Afrikaans kwellings.
- Dieselfde Wetsontwerp, met dieselfde kwellings, is weer in 2012 by die Nasionale Raad van Provinsies ingedien om terugvoer deur middel van provinsiale verhore vanuit die provinsies te verkry.
- Die Nasionale Raad van Provinsies het nie daarin geslaag om oorlegpleging met die landelike publiek op so 'n wyse te lei dat hulle hul opinies sonder vrees of partydigheid kon uitspreek nie – iets wat sodanige gemarginaliseerdes as besonder belangrik ag.
- Die SAMRK, geaffekteerde individue en gemeenskappe het weer die Wetsontwerp teengestaan deur mondelinge en skriftelike voorleggings te maak en aan provinsiale verhore deel te neem.

## Tradisionele reg:

- Artikel 211 van die Grondwet maak voorsiening daarvoor dat die instelling, status en rol van tradisionele leierskap erken word, onderworpe aan die Grondwet.
- Tradisionele leierskap het in die verlede die kern gevorm van hoe landelike gemeenskappe georganiseer en hoe geskille besleg is, van die laagste tot die hoogste vlak.
- Dit is belangrik dat die manier waarop sake in gewoonteregverrigtinge aangehoor word, 'n gevoel van vertroue in die onderskeie partye skep.
- Gewoontereg verskaf konsekwente verwysingspunte vir plattelanders, en is in ooreenstemming met die norme van kulturele diversiteit in ons samelewing.
- Dit is belangrik dat kulturele norme en gewoontes erken word en dat gepoog word om Suid-Afrikaanse kulturele waardes te handhaaf. Verskeie bepalinge in die Grondwet bevestig dat, soos gemenereg, gewoontereg onderworpe aan, en in ooreenstemming met die Grondwet moet wees.

## Probleme met die huidige Wetsontwerp op Tradisionele Howe

- Geen oorlegpleging met landelike mense gedurende die opstellingsproses nie en verdere problematiese konsultasies.
- Twee verskillende stelsels vir regstoegang op die oomblik: een vir mense in landelike gebiede, en 'n ander een vir mense in die res van Suid-Afrika. Dit is soos wat dit onder die apartheidsbeleid in die Bantoestans was.
- Die Wetsontwerp bied glad nie geleentheid dat die een stelsel in die ander een opgeneem kan word nie. Gewoontereg en sy praktyk verskil van een gemeenskap na die ander in die land en vorm deel van ons ryke kultuurskat en die keuses wat ons Grondwet aan sy landsburgers voorsien. Die individu behoort die keuse gegee te word of hy of sy deur die reëls van 'n gemeenskap waar gewoontereg geld, beheer wil word.
- Die Wetsontwerp fokus op die vlak van tradisionele leierskap en verontagsaam enige ander vlakke van gewoontereg-owerhede.
- Dit maak 'n tradisionele leier die enigste voorsittende beampte van 'n tradisionele hof. Dit beteken dat alle mag by 'n enkele individu berus wat moontlik botsing van belange mag hê in die saak wat aangehoor word. Die Wetsontwerp gee tradisionele leiers die mag om wette te maak, dit te implementeer en geskille wat uit hul eie administratiewe optrede spruit, te besleg. Op hierdie manier maak die Wetsontwerp dit moeilik om enige verkeerde besluite te toets of uit te daag.
- Jurisdiksie of regsbevoegdheid van die beoogde howe ondermyn die belangrikheid van onafhanklike besluitneming oor wie in 'n klag of beskuldiging aangekla behoort te word. Die aanklag behoort afsonderlik hanteer te word.
- Daar is geen duidelike benaderings oor hoe soortgelyke aanklagte hanteer moet word nie, en geen manier om te voorspel watter soort optrede in die toekoms vermy moet word nie. Elke leier kan op die oomblik voorsit net soos wat dit hom persoonlik pas, en dit beteken dat verskillende leiers die wet op verskillende maniere toepas.
- Die reg van vroue tot verskyning in 'n hof en hul beskerming word nie eksplisiet uitgespel nie.
- Die regte van kinders word nie voldoende beskerm nie.
- Moontlike sanksies kan onbetaalde dwangarbeid insluit en kan ander regte skend wat dus die reg om met waardigheid behandel te word, ondermyn.
- Ten spyte van die skending van basiese regte, sal die aangeklaagde nie teen uitsprake en sanksies kan appelleer nie. Dit sal mense die reg ontneem om hul saak in 'n siviele hof te laat aanhoor of daarteen te kan appelleer.

## Waar staan ons nou?

Die Wetsontwerp is na die provinsies gestuur en verhore het in April en Mei 2012 plaasgevind. Daar was probleme met hoe die verhore saamgeroep is, wie voorgesit het, die moontlikheid dat mense hul opinies daar kon uitspreek, en gemeenskapslede se reislogistiek vir bywoning. Desondanks het enkele landelike gemeenskappe die geleentheid gebruik om oor die Wetsontwerp te gesels.

Die SAMRK, saam met belanghebbers uit gemeenskappe, het werkwinkels oor die Wetsontwerp gehou en het die verhore bygewoon. Die SAMRK, en ook ander organisasies, het skriftelike en mondelinge voorleggings oor die Wetsontwerp by die Parlementêre Portefeuljekomitee oor Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling ingedien. Die SAMRK het ook sy besorgdheid oor die Wetsontwerp oor Tradisionele Howe oor verskeie gemeenskapsradiostasies uitgesaai.

Die provinsiale wetgewers het die Wetsontwerp oorweeg en, buiten twee provinsies het al die ander dit in sy huidige formaat verwerp, die ander het dit en enige voorgestelde wysigings aan die bepalinge, summier verwerp. Die Komitee van die Nasionale Raad van Provinsies het toe iets by die proses gevoeg wat gewoonlik nie deel vorm van die stappe waarvolgens wetgewing hanteer word nie, naamlik dat die Wetsontwerp na die provinsies teruggaan om die oorlegplegingsproses te herhaal en dat hulle dan 'n tweede keer na die Komitee moet terugkom met 'n mandaat.

In Augustus 2012 het die Minister van die Departement vir Vroue, die Jeug, Kinders en Mense met Gestremdhede besorgheid oor die Wetsontwerp uitgespreek. Die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, wat verantwoordelik is vir die Wetsontwerp, het aangedui dat dit nie teruggetrek sal word nie, maar dat wysigings daaraan deur verteenwoordigers van die Komitee van die Nasionale Raad van Provinsies aangebring sal word.

## Tradisionele geskilbeslegtingsmeganismes

Ten einde aan grondwetlike eise te voldoen, moet die Wetsontwerp sorg dat dit opgetrek word in oorleg met landelike gemeenskappe, veral vroue, dat volle deelname bevorder word en dat mense teen potensiële intimidasie beskerm sal word. Die huidige probleme wat hierbo uitgespel word, moet reggestel word.